PINKSTER 2004: KAMPERSRUS

1. Pinkstergeloof: verrassing en spanning

Johannes 20:19-25; Hand 1:4-11;

Opstanding, hemelvaart en uitstorting van HG as een gesien word. Dit stempel ons geloof. Maak dit uniek. Sê nou Jesus het, soos die ongeveer 150 ander "messiasse" wat in daardie tyd hulleself probeer verkoop het, net gesterf? Sy persoon en werk was van so 'n aard, Hy sou nie vergeet geraak het nie. Verhale sou geskrifte geword het en 'n hele tradisie van wysheid sou voortgeleef het. Wat maak dit anders dat Hy opgestaan het? Hy kan nie vasgevang word in 'n klompie verhale en leerstellings in 'n boek nie. Hy loop los rond… Philip Yancey: Easter means he must be loose out there somewhere. Like the disciples, I never know where Jesus might turn up, how he might speak to me, what he might ask of me. Pase beteken: Jesus is nie vasgevang nie, nie in 'n graf nie, nie in 'n boek (Boek) nie, nie 'n kerkleer of kerk nie. Hy is verskynend. Hy is onverwags, Hy verras my elke keer weer. Soos met die Emmausgangers is hy 'n mede-reisiger, 'n vreemde gas, een wat saam eet….

Hoeveel van 'n opstandingsgeloof het ons? Lewe ons uit die verwagting dat Jesus enige oomblik kan verskyn? Hoe anders sal ons lewe lyk as ons dit werklik glo. Hoe anders sal ons na mense en gebeurtenisse kyk. Die opstandingsgeloof moet ons met verwagting laat lewe dat die Here elke oomblik in elke situasie en in elke persoon my kan ontmoet.

En dan kom hemelvaart en die uitstorting van die HG en dit word nog moeiliker.

Die droom en fantasie word verantwoordelikheid. Hand 1:6-8. Hulle wag nog dat Hy die Koninkryk van Israel gaan oprig, toe vertel Hy vir hulle dat hulle nou die nuwe Koninkryk gaan oprig. Hulle! Die Engel sê: "waarom staan julle en kyk…" Die boodskap is duidelik: Moenie meer opkyk en wag nie.

Die opstandingsgeloof sê Jesus is nie vasgevang nie. Verwag Hom Hy loop los rond

Die hemelvaartboodskap sê Jesus het as't ware aan die anderkant van die wolk uitgekom en nou loop Hy verbloem rond as die arme, die hongerige of wie ook al wat my pad kruis. Hy loop nie net los rond nie, Hy dra maskers.

As ons dit werklik glo moet dit die einde beteken van al ons klasseverskille en al ons pogings om met etikette mense af te skryf en weg van ons te hou. Want dan kan Jesus verskyn in die plakker, in die bedelaar, in die minderjarige kind, in die gevangene en misdadiger, in die anderskleurige, in die werklose, in die jonges, in oues, in oortreders, in altsheimer pasiente, in alkoholiste en dwelmverslaafdes….

Die pinkstergeloof sê Jesus het sy intrek geneem in ons huise en binne-in ons liggame. Dit is nog die moeilikste van alles. Hoe nader dit aan ons eie lyf kom, hoe moeiliker is dit om God daar te ontdek.

Ons wil God altyd verder weg soek. As ons nie vanoggend vir Jesus hier onder ons, tussen ons kan vind nie, sal ons hom nêrens vind nie.

Om vir Jesus in 'n goed vervaardigde film te vind, is maklik. Maar om vir Jesus in die mense rondom my in die kerkbanke te vind is moeilik. Om Jesus te vind in sondige lidmate en pretensieuse ampsdraers, is vreeslik moeilik.

En tog, as ek Jesus nie in my onmiddellike omgewing kan vind nie, ook in my onmiddellike omgewing in die kerk nie, sal ek Hom nêrens vind nie. Hy woon nie in die hemel nie. Hy woon hier. Sy Gees in in jongmense en ou mense, in sondaars en sukkelaars uitgestort.

Dus: Sonder opstanding, hemelvaart, en pinkster, sou ons steeds die wonderlike erfenis van Jesus gehad het. Maar ons sou daaroor moes gaan oplees. Jesus sou in 'n museum of op 'n website nageslaan kon word. Ons sou 'n besoek kon bring aan 'n heiligdom iewers in Palestina. Nou loop Hy, loop hy, slaap hy, werk hy, speel hy, voel hy, vat hy, is hy menslik en tasbaar tussen ons en by ons, nooit sonder ons nie.

Liturgie

Lied 158:1-3
Lied 284:1-3

2. Pinkstergeloof: Onsekere wete

Verhaal van die mense op die eiland. Goeie lewe. Selfversorgend en

het alles wat nodig is (dus heeltemal ander situasie as die paar sukkelende soekende "survivors" op die Pearl Islands!). Op 'n dag stap een van hulle langs die strand en sien iets snaaks op die sand lê. 'n bottel. Binne-in 'n boodskap: "hulp is oppad" Eers geïgnoreer. Toe weer so 'n bottel met 'n briefie: Hou moed, hulp is oppad. Hy deel dit met 'n vriend. Onverstaanbaar. Hulle het geen hulp nodig nie. Besluit om dit vir hulleself te hou. Dit kan onrus veroorsaak. Steek die briefies weg. Maar dan gebeur dit weer en nog mense begin daarvan weet en nog sulke boodskappe spoel uit. Word 'n gemeenskap. Kom gereeld bymekaar en dan lees hulle die boodskappe en tuur oor die water. Die eilandbewoners het bewus geraak van 'n ander wêreld, buite hulle horison. 'n Vasteland iewers.

Die boodskap skep hoop, maar ook onsekerheid; skep verwagting maar ook angs.

Die Christelike godsdiens is 'n onvoltooide godsdiens. Nie 'n afgeslote sisteem nie. Godsdiens van mense wat staan en tuur (na die wolke, oor die water), want die boodskap is: God is komende.

Daarom is die boodskap:

1. Wag (Bv Ps 131)

Wag is nie passiwiteit nie. Dit het 'n intensiteit waardeur jy die toekoms in die hede in projekteer. Maar dit vra ook geduld, afwagting en hoop.

2. Leef "asof" (1 Kor 7:29-32a)

Pinkster beteken: God het vir ons 'n boodskap gestuur: Hulp is op pad. Daar is 'n "vasteland". Maar tweedens behels dit 'n opdrag: Leef nou asof julle reeds daar is. Die ongelowige verstaan nie hierdie ding van "asof" nie. Hulle lewe net vir die voor-die-handliggende. Die gelowige lewe asof daar iets meer is, iets anders is.

As ons maar kan lewe asof…. Watter verskil sal dit maak aan die wyse waarop jy 'n man is vir jou vrou, vrou is vir jou man…kind is vir jou ouers, ouer is vir jou kinders…

Dit is die "asof" wat jou weerhou daarvan om net vir jouself te lewe. Dit is die onsekerheid wat ons beter Christene maak en nie die sekerheid nie.

Terwyl ons enersyds sê Hy het ingetrek, moet ons andersyds sê Hy kom nog. Ons lewe in die spanningsveld van die reeds en die nog-nie.

Die ware kerk en die Christen is altyd vasgevang in hierdie spanning. Aan die een kant vier ons wat ons ontvang het, aan die ander kant reik ons uit na wat aan die kom is.

Daarom het Moeder Theresa vir die Amerikaanse besoeker op sy vraag wat hulle doen daar in Calcutta, gesê: We mediatate on Jesus and then we go out and look for Him in disguise.

Liturgie

Lied 488:1-5
Lied 487: 1-4

3. Pinkstergeloof: Mank, maar bemagtig.

Hy was alleen. Dit was stikdonker en hy was bang. Hy het probeer om homself te kalmeer deur vir homself te sê dat solank hy alleen was daar niks met hom kon gebeur nie.

Skielik het hy 'n ritseling agter hom gehoor en voor hy nog kon omkyk word hy vasgegryp en grond toe getrek. Hy is sterk en gespierd en het alle weerstand gebied, maar dit was asof sy teenstander presies net so sterk soos hy is. Dit was 'n gelyke stryd en niemand kon die oorhand oor die ander kry nie.

In 'n vlietende oomblik het hy by homself gewonder oor wie hierdie ander persoon kon wees - iemand wat presies net so sterk soos hyself is. Waar het hy so skielik vandaan gekom en wat wil hy van my hê?

Toe die eerste strale van die dagbreek begin deurskemer, het die geheimsinnige vreemdeling in een beweging sy been 'n pynlike draai gegee en verdwyn.

'n Vreemde ervaring en die man het geweet dat hy nooit weer dieselfde sou wees nie.

Dié verhaal kan uit die polisie lêers kom, of uit die oorlogsdagboek van 'n soldaat, of uit een van Wilbur Smith se boeke. Dit kon gister gebeur het of duisend jaar gelede. Om die waarheid te sê dit kom uit die

Bybel, uit Gen 32.

Lees: Gen 32

Dit is die storie van hoe Jakob se naam verander is na Israel. Jakob beteken "Trickster" - verneuker; en Israel beteken "die een wat met God worstel".

Jakob en Esau was 'n tweeling. Esau was met 'n paar minute die oudste. Hy was die sterker een, die manlike jagter. Jakob was gebore met sy handjie geklem om die hakskeen van sy boetjie. Vandaar sy naam: die een wat pootjie. Hy was sagter en stiller.

Ons ken almal die verhaal van hoe Jakob, met behulp van sy ma, sy half blinde pa, Isak, gekul het met die harige velle wat hy oor sy hand getrek het, en toe die seen van die eersteborene ontvang het. Dit nadat hy ook vir Esau in 'n oomblik van swakheid, "gepootjie" het om sy eersgeborene reg te verkwansel vir 'n pot sop.

Jakob en sy ma se "tricks" haal hom gou in en hy moet vlug voor sy broer Esau wat so woedend is dat hy hom wil doodmaak.

Jakob vlug en op sy eerste nag weg van die huis, droom hy van die leer wat na die hemel reik. Dit word 'n simbool van Jakob se lewe. Die ewige stryd tussen die Jakob wat onder staan en die die ideaal daarbo, waar hy veronderstel God is.

Die eerste groot tree wat hy probeer gee om hierdie leer te klim, die eerste sport na selfvervulling, is om Ragel as vrou te verkry. Maar op die nag van die troue toe almal genoeg gehad het om te drink, word hy "getrick" soos hy met Jakob en Esau gedoen het. Lea word in sy bed geplant soos sy ma hom jare te vore voor Jakob geplant het as substituut vir Esau.

Na baie jare en nadat hy tog uiteindelik vir Ragel ook as vrou gekry het, voel hy dit is tyd om na sy geboorteland en sy mense terug te keer. En toe, net soos die dag toe hy die grens oorgesteek het weg van sy ouerhuis af, het hy weer 'n buitengewone ervaring. Jakob se lewe moet geïnterpreteer word deur hierdie twee nagtelike ervaringe van hom saam te lees en teen mekaar te lees. Op die eerste nag weg, droom hy oor die leer, en op die laaste nag voor hy weer vir Esau ontmoet, het hy hierdie geheimsinnige geveg met die onbekende "iemand".

Daar is baie menings oor wie hierdie "iemand" is. Sommige meen dit 'n gevaarlike vyand wat Jakob probeer leed aandoen. Ander sien hom as die beskermengel van Esau, en nog ander as 'n demoon wat die grens tussen twee lande beskerm en mense wil verhoed om dit oor te steek. Daar is ook die mening dat dit die personifikasie is van al die gevare wat in die donker skuil.

Ek hou van die verklaring wat die Joodse teoloog, Harold Kushner, aanbied. Hy sien die geheimsinnige aanvaller as deel van Jakob self. Dit is waarom hy te voorskyn kom die oomblik toe Jakob heeltemal alleen is. Dit is waarom hy presies net so sterk soos Jakob is. Nie swakker nie en ook nie sterker nie. Die aanvaller is Jakob se gewete, daardie deel van hom wat hom uitdaag om bo sy eie impulse uit te styg. Die stryd is tussen die deel van sy persoonlikheid wat wil wen deur slinksheid en "tricks" aan die een kant, en daardie deel van homself wat geroepe voel om God se leer te klim, om iemand te word wat werklik 'n voorbeeld is.

Jakob is met homself in stryd. Deel van hom is trots op sy slimmigheid en vermoë om mense te pootjie. 'n Ander deel van hom is ongemaklik met daardie slimmigheid en verlang daarna dat hy iemand sal wees na wie mense opsien.

Ons kan waarskynlik almal identifiseer met Jakob en hierdie stryd met homself. Daar is tye wanneer ons daardie verdeling in onsself ervaar. Aan die eenkant die behoefte om die leer van innerlike verbetering te klim, aan die ander kant die neiging om jouself te bevoordeel ten koste van ander.

Wie het hierdie epiese stryd gewen, Jakob of sy teenstander? Die stryd word vir ons voorgehou as baie gelyk. Jakob die een wat aan die einde met 'n besering agterbly en tog word gesê dat hy 'n seën ontvang het. Hy vind vrede. Jakob wen deur te verloor. Hy kry 'n nuwe naam. Tot nou toe kan hy die beste beskryf word met die naam Jakob. Dit het konnotasies van akov - gebreek of geknak. Van nou af heet hy liewer Israel - wat konnotasies het met yashar, wat reguit beteken.

Jakob word heel, reguit, deur gebreek te raak. Waar hy eers probeer het om homself heel te maak deur ander te pootjie, leer hy nou dat hy vrede kan vind al moet hy uit 'n ontmoeting gewond en hinkend wegstap.

Die vraag van die Engel aan hom: Wat is jou naam?, kan so verstaan word dat Jakob in sy worsteling met homself vir homself die vraag vra:

Wie is ek nou eintlik? Watter soort mens wil ek wees? En dan maak hy die belangrikste ontdekking wat ons almal moet maak: In ons gebrokenheid en gewondheid is ons die heelste. As ons probeer om heel en die wenner uit elke verhouding uit weg te stap, is ons juis verloorders. As ons kan verloor, is ons wenners. Dit is in alle verhoudinge so.

Die lewe wil ons gedurig deur verlei om te glo dat ons waarde in getalle lê. Alles word gekwantifiseer en mense se waarde word uitgedruk in terme van wat hulle verdien, hoe vinnig hulle kan hardloop, hoe min hulle weeg, hoe oud hulle word, ensovoorts.

Jakob het ook gedink dat sy kwaliteit in die getalle lê. Daarom vertel hy ook vir die Here in sy gebed dat dit darem wonderlik is dat hy wat net met 'n kierie van sy ouerhuis af weg is, nou met al die rykdomme terugkeer. Maar in die nag van Pniël moes hy ontdek dat die ware seën van die Here eerder hand aan hand met mankheid gaan, as met 'n klomp rykdom. Werklike waarde vind mens in die paradoks van verwondheid en verloor.

Amen

Liturgie

Lied 163: 1,2
Lied 130: 1-3 (woorde van Lina Spies en Liedere wysie)
Lied 512:1-3

4. Pinkstergeloof: Ontdek die Misterie in die probleem

Genesis 37 en 45 is die begin en einde van die Josef-verhaal. Dit moet saam en teenoor mekaar gelees word.

Genesis 37 is 'n verhaal van problematiek. Dit vertel van 'n probleemgesin. 'n Tragiese storie van 'n disfunksionele gesin. 'n Pa wat sy een kind onbeskaamd voortrek; 'n hooghartige kleinkind; broers wat onderling verdeeld is en stry selfs in hulle bose leuenplanne; broers wat 'n pa bedrieg en vir altyd met die leuen saamleef.

En dit, sê vers 1, is die "Familiegeskiedenis van Jakob"

Wat 'n treurige storie. Niemand sou sy familieregister met so 'n verhaal wil laat begin nie. Maar die Bybel skroom nie om dit op te teken as die familiegeskiedenis van een van die Aartsvaders nie. God gebruik en interesseer Hom nie net in voortreflike families nie, maar in gewone families vol sonde en skande.

In die res van die verhaal en in in die hoofstukke wat volg, word vir ons vertel wat die afloop van hierdie aanvanklike deel van die familiestorie is. Dit gaan van kwaad na erger. Die familie pluk die wrange vrugte van die sonde.

Uiteindelik kom daar 'n draai en dit word vir ons vertel in Genesis 45.

Dit word 'n verhaal van die ontdekking van God se misterie te midde van die probleme.

Hoe gebeur dit?

Eerstens nie deur ontkenning nie, maar deurdat die oorsaak van alles erken en onthou word. Josef draai nie doekies om nie. "Julle het my verkoop.." sê hy vir hulle nadat hy homself aan hulle bekend gemaak het. Maar dan gaan hy voort om die verhaal te herinterpreteer in die lig van die misterie van God. 'n Paar keer herhaal hy die uitdrukking "maar God".

Daar is inderdaad in hierdie familiegeskiedenis, soos in almal van ons se lewens, 'n probleemversadigde storielyn, maar daar is ook die moontlikheid om dit met 'n "maar God" interpretasie te hervertel.

En as mens die misterie raaksien, gebeur daar dinge wat die koers van die verhaal vir die toekoms heeltemal verander.

Afstande word oorbrug. Waar Genesis 37 'n hoofstuk is met die tema van afstand, is Genesis 45 'n hoofstuk met die tema van naderkom en klowe oorbrug. In die eerste hoofstuk word die afstande al groter, fisies en figuurlik. Tussen die broers en Josef, tussen die broers en die pa, tussen die pa en Josef. Dit word uitgedruk in die fisiese afstande wat geskep word: Diep in die put af; weggevoer na die verre Egipte.

Maar die afstande word ook oorbrug deur konkrete dade van versoening. In Genesis 37 is daar trane van smart as Jakob bitterlik huil oor sy geliefde seun. In Genesis 45 is daar ook baie trane, maar trane van blydskap en versoening. Dit word ook met simboliese tekens uitgedruk, soos die kleed. Om die afstand en verlies te beklemtoon,

ontvang Jakob in Genesis 37 die bloedbesmeerde kledingstuk van Josef en glo hy is dood. In hierdie later deel van die verhaal ontvang hy nie alleen sy jongste kind, Benjamin terug nie, maar met vyf stelle nuwe klere!

Mens sou ook kon sê dat Josef se optrede in hoofstuk 45 vir ons tekenend word van God se optrede en gesindheid. Daar waar die Gees van God werk, kom daar 'n gewilligheid en 'n moontlikheid om die negatiewe en probleemgevulde verhale van mense en families te herinterpreteer en dit te hervertel in die lig van God se misterie. Daar waar die Gees werk word ons nie oorweldig deur haat en probleme nie, daar ontdek ons dat God ook in en deur die geknoei van mense aan die werk is en dat afstande oorbrug kan word.

Liturgie

Lied 525:1,3
Lied 284: 1-3